

DIE KAAPSE PATRIOTTE EN PLANNE VIR 'N OOSTENRYKSE KOLONIE IN NATAL

Hans-Jürgen Scholz

Bibliotekaris en vakreferent aan die Universiteitsbiblioteek van Marburg

I

In die Weense verdrae van 1731 het Oostenryk sy eerste Oos-Indiese kompanjie opgeoffer as prys vir die toestemming van die seemagte van Engeland en Nederland tot die Pragmatiese Sanksie. Ook die reg om vanuit die "Oostenrykse" Nederlande met Asië handel te dryf moes prysgegee word. Die oorloë wat die eerste kwarteeu van die regering van Maria Theresia gekenmerk het, het voorts alle hoop op grootskaalse ontwikkeling van die handel in sy erflande gestrem. Nóg tans sou die Oostenrykse vlag weer in die Indiese Oseaan verskyn. Die inisiatief het uitgegaan van 'n avonturier in die diens van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie, Wilhelm Bolts. Hy was die seun van Duitse ouers, in 1740 in Amsterdam gebore, en is na etlike jare in Engelse diens weens onenigheid in Bengale ontslaan. Bolts was egter onstuitbaar en het besluit om met 'n eie kompanjie na Indië terug te keer. Vir hierdie doel het hy 'n oktrooi van die Weense hof gevra. Die oomblik was gunstig en op 5 Junie 1775 is dit uitgevaardig.¹

Bolts se kompanjie kon onder die Oostenrykse vlag handel dryf, sou sy skepe vanuit die halwe van Triest laat seil en kon sekere goedere op krediet van die regering verkry. Op hierdie grondslag het Bolts verdere finansiële steun van 'n groep Antwerpse bankiers onder leiding van baron Karl Proli verkry en op 24 September 1776 kon hy uiteindelik met sy eerste skip, die "Joseph und Theresia", uit Livorno vertrek. Inderdaad sou die hawe van Livorno in die gebied van die groothertog van Tskana, 'n broer van die keiser, geleidelik by die nuwe kompanjie belangriker word as Triest.

Teen die einde van Maart 1777 het die "Joseph und Theresia" Delagoabaai bereik en in Meimaand het Bolts daarin geslaag om grondgebied van die plaaslike opperhoofde te koop. Die kontrakte met Mohaar Capell Rajah van Tembe en die rajahs — Bolts was immers op pad na Indië — Chibanzaam Matola en Bilene Mafumo is in Engels uitgevaardig en deur hulle Arabies geteken en bevestig "by imprecating the vengeance of the Evil spirit in case of failure by placing their hands on their children's heads, and by the oath called Mondho kissing their brass-bracelets called Massinda".² Vervolgens is twee klein forte, "St. Joseph" en "St. Maria", op die vasteland en 'n klein nedersetting op Inhaca-eiland opgerig en onder die opperbevel van 'n sekere Andreas

1. Die beste studie van die geskiedenis van hierdie kompanjie is nog altyd: Pollack-Parnau, Franz von: *Eine österreichisch-ostindische Handelscompagnie 1775-1785*. Stuttgart 1927. (Beihefte zur Vierteljahresschrift für Sozial- und Wirtschaftsge-schichte, 12.)

2. Pollack-Parnau, *op. cit.*, p. 38.

Daniel Pollet geplaas. Bolts het egter nie net gehoop om in Delagoabaai 'n verversingspos vir sy kompanjie op te rig nie, maar hy wou ook die handel met die binneland bevorder, die baai tot tussenstasie vir die handel tussen die Kaap en die Ile de France (Mauritius) ontwikkel en het selfs 'n kort tydjie daaraan gedink om setlaars vanaf Europa te laat kom.

Ook in Indië kon Bolts, ten spyte van die vyandige houding van ander Europese magte, met toestemming van Hyder Ali, drie handelsnederstelling lang die Malabarkus oprig en 'n verdere nederstelling op die Nikobare stig. Nogtans sou dit gedurende die volgende jare blyk dat die ekonomiese en politieke grondslag van die kompanjie heeltemal ontoereikend was. Ook die vermeerdering van die aandeelhouders in 1781 kon hierdie toestand nie verander nie. Bolts self het al in die volgende jaar insolvent geraak terwyl die kompanjie nog enkele jare sou aansukkel. Vroeg in 1785 was die bankrotskap uiteindelik onvermydelik; ook die bank van Proli het ineengestort en Proli self het sy enigste uitweg in selfmoord gesien. Terwyl die Indiese nedersettings van die kompanjie vireers nog voortbestaan het en deur die skepe van 'n groep Belgiese koopmanne van tyd tot tyd besoek is, het die einde van die nederstelling aan die Delgoabaai nog voor die ontbinding van die kompanjie gekom. Op 28 April 1781 het daar 'n Portugese fregat met 40 kanonne en 500 manskappe verskyn en twee Oostenrykse skepe in die baai gekonfiskeer. Pollet is op die Portugese skip gelok en in hegtenis geneem, die twee forte op die vasteland is sonder teenstand afgebrand en die verset op Inhaca-iland spoedig gebreek. Die Oostenrykers is na Mosambiek gebring en eers na hewige protes deur hul ambassadeur te Lissabon weer vrygelaat.

II

Terwyl die Oostenrykse kompanjie tevergeefs met die stigting van 'n nederstelling aan die Delagoabaai gemoeid was, het die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap moeilikhede met sy setlaars ondervind en vir 'n oomblik sou daar 'n aanraking tussen die twee sfere plaasvind. Onder die Kaapse burgers het die misnoeë met die alles-oorheersende mag van die Kompanjie stadigaan gegroei en 'n eerste hoogtepunt is bereik toe in 1779 'n deputasie met 'n petisie aan die Here Sewentien afgevaardig is. Inderdaad het hierdie afvaardiging in Nederland weinig uitgerig, maar hierdie teleurstelling het uiteindelik sy leier, Jakobus van Reenen, daartoe gedryf om in die geheim ander stappe te oorweeg.

Oud-burgerraadslid Van Reenen het naby Rondebosch gewoon en was 52 jaar oud toe hy in 1779 met die afvaardiging na Nederland vertrek het. Hy was ongetwyfeld een van die rykste boerre aan die Kaap. So het hy bv. in die begin van 1779, behalwe enkele eiendomsplase, nie minder nie as sewe leningsplase besit en hy was ook vir 'n geruime tyd gekontrakteerde slagter vir die Kompanjie. Ook onder sy seuns was daar bekwame boere en die Van Reenens se plase was oor die hele kolonie tot oorkant die Gamtoosrivier versprei. Die uitgee van 'n slagterskontrak aan 'n veeboer het wel die klagtes van ander boere uitgelok en met die Kaapse administrasie was daar wrywing oor agter-

stallige rekognisiegedelde vir sommige van die leningsplase. Tydens Van Reenen se afwesigheid met die afvaardiging in Nederland is daar selfs drie van sy leningsplase op bevel van die goewerneur ingetrek. Nogtans was die Van Rennes ongetwyfeld een van die mees gesiene en vooruitstrewende families aan die Kaap en het hierdie deur die Kompanjie ingeperkte kolonie, skaars voldoende bevrediging vir hulle skeppingsdrang gebied.³ In hierdie gees het die deur die Here Sewentien teleurgestelde Jacobus van Reenen in 1782 op 'n misterieuse reis vanaf Nederland na Swede vertrek. Dit was die begin van 'n avontuur, wat deur 'n aantal dokumente in die Haus-, Hof- und Staatsarchiv te Weenen opgehelder word en wat verrassende, tot nou toe onbekende aspekte in verband met die geskiedenis van die Kaapse Patriotte openbaar.⁴

Op 6 Augustus 1782 het die Oostenrykse ambassadeur in Denemarke, graaf Kageneck, uit Kopenhagen 'n berig aan die Oostenrykse staatskanselier, prins Kaunitz-Rietberg, in Wenen geskryf.⁵ Sy berig was in vyf paragrawe met die letters A tot E onderverdeel en terwyl alle ander dele normaal geskryf was, het paragraaf B uitsluitlik uit syfers bestaan. Die ontsyferde teks, wat by die ontvangs tussen die lyne ingevoeg is, het oor 'n merkwaardige ontmoeting berig. Kageneck het van 'n sekere Jacobus van Ree(nen)⁶ vertel, 'n Nederlander van geboorte, 55 jaar oud, 'n voormalige burger, raadslid en vise-president aan die Kaap die Goeie Hoop, wat drie vantevore as afgevaardigde van die ontevrede burgers aan die Kaap na Nederland gestuur is om hulle besware voor te dra. Volgens sy bewering is hy en die afgevaardigdes egter in Nederland soveel onreg aangedoen, dat hy besluit het om met sy vaderland te breek en die beskerming van 'n vreemde heerser te soek. Deur 'n suster, wat in Swede getroud was, het hy op die idee gekom om dit by die koning van Swede te doen. Op pad soontoe het hy egter in Kopenhagen die Oostenrykse konsul Bozenhart ontmoet en sy verhaal aan hom vertel. Bozenhart hom na sy ambassadeur toe geneem, wat 'n lang onderhoud met hom gehad het.

Van Reenen het as 'n ouerige, beskeie en opregte man verskyn, wat oor heelwat ondervinding in handelsake beskik het en vir homself groot besittings in Afrika verwerf het. Hy het dit deur kredietbriewe op 'n Nederlandse bank⁷ bewys vir 200 000 gulde en het skynbaar nog oor heelwat meer beskik. Volgens sy bewering het hy ook twee nedersettings ietwat meer as 90 myl vanaf die Kaap aangelê — buitekant die Nederlandse gebied. Vervolgens het hy Kageneck gevra of hy na Wenen kon gaan om aansoek om die beskerming van die keiser te doen en saam met sy kinders sy onderdaan te word. Verder wou hy sy planne

3. Vgl. Beyers, Coenraad: *Die Kaapse Patriotte gedurende die laaste kwart van die agttiende eeu en die voortlewing van hul denkkeelde*. Pretoria 1967.

4. Op aanvraag is hierdie bronne in die Haus-, Hof- und Staatsarchiv opgespoor en alle medewerkers van die argief en veral sy hoof, w. Hofrat Prof. Dr. Blas, word bedank vir hul moeite.

5. Haus-, Hof- und Staatsarchiv, Wien Staatenabteilungen, Dänemark, Korrespondenz, Kart. 65.

6. Die naam verskyn aanvanklik as Jacobus van Rée, terwyl die laaste e in 'n lang streep eindig. Later in die berig verskyn egter ook die naam in sy volledige vorm.

7. Die "Deconingsche Hauss".

aan die ministerie oorhandig en het daarvoor Kageneck om sy ondersteuning gevra. Laasgenoemde het dit toegesê aangesien die aanwinst van 'n ryk en bekwame onderdaan soos Van Reenen nuttig geblyk het. Van Reenen het gevolglik besluit om dadelik na Wenen en Kageneck was bereid om hom met aanbevelingsbriewe te voorsien. Verder het Kageneck teenoor Kaunitz beklemtoon dat hy versigtig moes wees aangesien ander mense in Kopenhagen ook in Van Reenen belang gestel het. Op 7 Augustus 1782 het hy dan nog 'n formele aanbevelingsbrief aan prins Kaunitz by die berig gevoeg⁸ en ses dae daarna in 'n verdere berig — weer in geheimskrif — vermeld dat hy intussen inligting oor Van Reenen by Hollandse handelshuise gekry het en dat hulle vol lof vir sy karakter, sy bekwaamheid as besigheidsman en die opregtheid van sy agt seuns was. Verder kon graaf Kageneck meld dat Van Reenen se besittings in daardie kringe op minstens een miljoen gulde geskat is.⁹

Intussen was Van Reenen op pad na Wenen. Sy aansoek aan die keiser is gedateer 17 September 1782.¹⁰ Daarin is daarop gewys dat die ondergetekende 'n landstreek tussen die 29ste en 26ste graad suiderbreedte ontdek het waar die inboorlinge nog heidene was. Verder is daarop gewys dat hierdie gebied van belang vir die handel tussen die keiserlik-koninklike erflande en Oos-Indië kon word en voorlopig nog deur geen Europese mag beset was nie. Van Reenen het verder klem gelê op die belang van Delagoabaai en die Oostenrykse nedersetting in die streek en die wens uitgespreek om in die gebied wat hy ontdek het 'n kolonie onder die beskerming van die keiser te stig. Hy was oortuig van sy geskiktheid vir die taak, aangesien hy en enkele van sy seuns al baie jare met die “wilde nasies” in dié gebied kontak gehad en hulle vertrou gewen het. Vervolgens het Van Reenen in 'n aangehegte memorandum 'n uittreksel uit die seekaart met die posisie van die beoogde kolonie en 'n spesifikasie van die wild in die gebied gegee¹¹ en vermeld dat pogings tot mynbou ook aangewend sou word. Hy het selfs beweer dat hy al minsters geneem het en dat die beskermheer groot voordeel kon trek indien hy, derhalwe 'n tiende van alle produkte, ook aandeel in die mynbou sou oorneem. Die petisie het geëindig met vyf punte wat Van Reenen veral van belang geag het by die verwesenliking van sy wense:

- (1) Voorsiening moes gemaak word vir 'n groot skip onder die voorwaardes wat in die memorandum uiteengesit is;
- (2) verlof moes gegee word tot die rekrutering van 25 tot 50 Duitssprekende vrywilligers as koloniste in die erflande van die keiser en in die Romeinse Ryk;

8. Haus-, Hof- und Staatsarchiv, Wien, Staatenabteilungen, Ostindische Kompagnie, Triest und Antwerpen, Fasz. 2.

9. Haus-, Hof- und Staatsarchiv, Wien, Staatenabteilungen, Dänemark, Korrespondenz, Kart. 65.

10. Haus-, Hof- und Staatsarchiv, Wien, Staatenabteilungen, Ostindische Kompagnie, Triest und Antwerpen, Fasz. 2.

11. Ongelukkig kon die seekaart en die spesifikasie in die argief nie opgespoor word nie.

- (3) Van Reenen self moes van 'n instruksie voorsien word en daar moes 'n offisiële rang aan hom tegeken word, soos bv. direkteur van die keiserlik-koninklike kolonie of keiserlik-koninklike kommissaris;
- (4) Van Reenen se oudste seun, Johannes Gysbertus van Reenen, moes tot keiserlik-koninklike agent aan die Kaap benoem word. Hy sou nie net die toekomstige kolonie nie, maar ook skepe wat aan onderdane van die keiser behoort met alle benodighede voorsien en Europese wissels teen 4 persent, in plaas van die gebruiklike 8 persent, aanvaar. Indien hy sou sterf of aftree, sou hy deur sy broer Dirk Gysbert, vervang kon word; en
- (5) Ten aansien van die groot somme wat Van Reenen self sou bestee, moes alle gebiede wat hy of sy seuns of sy geassosieerdes sou verwerf, as vry eiendom met die reg om dit sowel aan hul seuns as aan hul dogters te bemaak, of alternatief as opgedrae lening²² van die soewerein toegeken word.

Die bygevoegde "Pro Memoria" het hierdie eise in 'n Duits wat duidelik 'n Nederlands-Afrikaanse invloed laat deurskyn, verder uiteengesit en in 16 paragrawe Van Reenen se bedeling en planne beskryf.¹³ Dit het begin deur op die voordeel te wys wat die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie deur sy nedersetting aan die Kaap kon geniet, maar ook daarop dat die burgers ten spyte van goeie wette onder die wanpraktyke van die meeste van die Kompanjie se dienaars in so 'n mate moes ly, dat hulle vir die tweede keer sedert die stigting van die kolonie 'n deputasie na Nederland afgevaardig het. Ongelukkig het dit geblyk dat voor die einde van die Brits-Nederlandse oorlog niks vir die burgers gedoen kon word nie en aangesien die verdrukking aan die Kaap voortgegaan het en Van Reenen self tydens sy afwesigheid vervolging moes ly, het hy besluit om met toestemming van die ander afgevaardigdes en die Here Sewentien in 'n neutrale skip na die Kaap terug te keer.

Vervolgens het Van Reenen sy persoonlike omstandighede uiteengesit. Hy was nou 55 jaar oud, vader van agt seuns — waarvan vier getroud was — en twee dogters. Net soos sy eggenote, gebore Maria Franck, was hy aan die Kaap gebore, maar van Duitse voorouers afkomstig. Hy was luitenant van die burgerkavallerie totdat drie van sy seuns burgerdienste kon doen. Vervolgens was hy burgerraadslid, vise-president van die Weeskamer en lid van die Raad van Justisie. Vir nie minder nie as 33 jaar was hy kontrakteur van die Kompanjie vir graan, meel, wyn, vleis en vee en hy het gevolglik nie net enkele wyn- en graanplase naby Kaapstad besit nie, maar ook uitstekende weivelde in afgeleë gebiede (waarnatoe nog geen ander koloniste hul volk en vee gestuur het nie) gevind en hulle van die Kompanjie geleen of gehuur. Terwyl ander koloniste baie onder die Naturelle moes ly, het, volgens sy bewering, sy mense baie jare sonder skade onder die "wilde" gelewe sonder dat

12. "antragenes" of "aufgetragenis Lehen" (feudum oblatum): 'n gebied wat aan 'n heerser oorhandig en as leen terug ontvang is.

13. Haus-, Hof- und Staatsarchiv, Wien, Staatenabteilungen, Ostindische Kompagnie, Triest und Antwerpen, Fasc. 2.

iemand vermoor of vee gesteel is. Een van sy seuns het selfs enkele jare tevore daarin geslaag om met die Naturelle vrede te sluit en met sy vee en volk in hulle gebied te vertoef, ofskoon hulle ander koloniste beroof en vermoor het. Toe hierdie seun deur die goewerneur gedwing is om sy plase te verlaat, het hulle opnuut met hul geweldpleging begin. Van Reenen het verder berig dat hierdie vaardigheid in die omgang met Naturelle hom en sy seuns in staat gestel het om met hulle volk ver van die binneland en buitekant die Nederlandse kolonie deur te dring. Hy het verder beweer dat hy met die hulp van die Naturelle woeste en droë gebiede deurgetrek het wat volgens sy wete nog deur geen ander Europeaan reggekry is nie, en dat hy aan die ander kant 'n soort paradys gevind het. Dit was 'n gebied, waar volop wild, veral olifante, maar ook uitstekende weivelde, vrugbare grond en bosse met goeie hout was. Behalwe verskillende graansoorte sou daar ook koffie, indigo, rys en suikerriet geplant kon word. Die grootste bate was egter 'n groot rivier met volop vis en baie seekoë, wat sowat dertig uur daarvandaan die see bereik. Die mond van die rivier was so wyd, dat dit waarskynlik ook deur skepe bevaar kon word. Entoesiasies het Van Reenen beweer dat hy nooit aan hierdie streek kon dink, sonder om die moontlikheid te sien wat dit vir duisende setlaars kon bied nie. Hy was ook bereid om monsters van ryk goud- en silwererts, wat verder in die binneland gevind kon word, te toon en hy het met oortuiging beklemtoon dat die vrugbaarheid van alle gebiede van die Kompanjie aan die Kaap nie met hierdie streek kon vergelyk nie. Die onregverdigheid en tirannie aan die Kaap, waaronder veral ook hy self en sy familie moes ly, en die wens van enkele van sy seuns het hom laat dink hoe 'n gelukkige kolonie en mettertyd 'n groot volk in hierdie streek onder die beskerming van 'n magtige Europese heerser sou kon wees. Van Reenen was daarvan oortuig dat sy goeie betrekkinge met die Naturelle en sy kennis van die land by die stigting van hierdie kolonie van onskatbare waarde sou wees. Ook in verband met die sentrale probleem, die toeganklikheid van die rivier, het hy reeds verdere inligting probeer verkry. Daarvolgens het hy vermoed dat dit deur klein skepe bevaar kon word, terwyl groot skepe die mond sou kon bereik.

Aangesien Van Reenen die Lutherse belydenis aangehang het, het hy verder gevra, dat die uitoefening daarvan in die nuwe kolonie toegestaan moes word. Vervolgens het hy daarop gewys, dat hy in Europa oor amper 200 000 gulde beskik en hom bereid verklaar om 'n behoorlik toegeruste driemaster met bemanning van die keiser oor te neem. Hy was bereid om die vraag vir die skip te verskaf, altwee te veras sureer, die bemanning uit die wins te betaal en tot by die terugkoms die rente op die kapitaal te verskaf. Verder sou hy die waardevermindering van die skip vergoed. Hy was van plan om na die Kaap te seil, daar 'n deel van die vraag te verkoop en perde, osse en waens te laai en hulle met 'n aantal vrywilligers op 'n geskikte tydstip na die nuwe kolonie te vervoer. Hier sou die skip 'n nuwe vraag kry en daarmee na Mauritius, Ceylon, Sjina of Bengale seil. Die terugreis sou oor die

nuwe kolonie of oor die Kaap gaan. Behalwe hierdie groot skip sou hy egter nog 'n klein skip, wat tot die beskikking van die kolonie moes bly, nodig hê. Hy het hom bereid verklaar om dit óf te koop, óf te huur. Behalwe die bemanning van die twee skepe sou daar 20 tot 25 vrywilligers nodig wees wat in die nuwe kolonie aan land gesit moes word en deur die Van Reenens in die plaaslike metodes van jag en landbou en in die omgang met Naturelle onderrig sou word. Hierdie vrywilligers moes jong en sterk manne wees en die Duitse taal praat, aangesien die omgang andersins met hulle moeilik sou wees. 40 tot 50 jong mans sou egter nog beter wees. Hulle sou hulself vir een tot twee jaar aan die nuwe kolonie verbind en sou vir hierdie tyd vry kos, losies en die gewone salaris ontvang en van alle benodigdhede deur die "entrepeneur" voorsien word. Hierna sou dit hulle vry staan om na Europa of hul hawe van herkom kosteloos terug te reis en hulle sou op die terugreis net soos op die heenreis kos en salaris ontvang. Indien hulle egter in die kolonie wou bly, soos Van Reenen dit verwag het, sou hulle grond, osse, 'n ploeg en 'n wa, saad en graan as voorskot ontvang. Verder sou hulle vriende en familiebetrekkings, wat hulle wou volg, en veral soveel jong meisies as nodig oorgebring moes word. Met die Naturelle wou Van Reenen 'n ooreenkoms oor die land sluit en 'n voldoende hoeveelheid geld in dié verband bestee. Hy sou daarvoor sorg dat hulle 'n vry volk bly.

Hy het verder voorgestel dat die keiser 'n tiende op alle produkte wat die kolonie sou verlaat, sou kry en dat die setlaars vir die eerste vyf tot tien jaar van belasting vrygestel moes word. Uiteindelik sou Van Reenen, sy seuns en hulle geassosieerdes hul grond tot vry eiendom of as lening van die soewerein verkry en dit sowel aan hulle seuns as aan hulle dogters kon bemaak.

Dit was amper vanselfsprekend dat Van Reenen se voorstelle aan die man voorgelê sou word wat binne die bereik van die Weense hof die beste insig en die grootste belange in die gebiede rondom die Indiese Oseaan gehad het, naamlik Wilhelm Bolts. Hierdie baanbreker van die Oostenrykse oorsese handel het breedvoerig met Van Reenen oor sy planne gepraat en sy oordeel op 21 September 1782 in 'n Franse rapport aan die vise-kanselier, graaf Cobenzl voorgelê.¹⁴ Aangesien die seekaart, waarop Van Reenen sy kolonie ingeteken het, nie meer opgespoor kan word nie, vind ons in hierdie rapport die duidelikste wenk op watter gebied sy planne gemik was. Dit was die binneland tussen die baaie St. Lucia en Natal ("le pays interieur entre les Bayes nommées de Santa Lucia et de Natal"). Die groot rivier was dus blykbaar die Tugela en Van Reenen se doelwit Natal of eintlik Zoeloeland. 'n Uitvloeisel van die onderhoude tussen Bolts en Van Reenen was 'n verdere en heelwat korter memorie, wat in die Franse taal Van Reenen se wense weergegee het en deur Bolts in paragrawe met die letters A tot M onderverdeel is.

14. Haus-, Hof- und Staatsarchiv, Wien, Staatenabteilungen, Ostindische Kompagnie, Triest und Antwerpen, Fasz. 2.

Dit was egter nie net 'n samevatting van die vroeëre memorie nie. Veral twee nuwe eise laat 'n mens die hand van Bolts vermoed. So is die keiser hier skielik gevra om 250 uitgesoekte soldate, verkieslik met kennis van die een of ander ambag, tot Van Reenen se beskikking te stel. Van Reenen en sy vennote sou hulself verplig om hierdie manne op eie koste te vervoer, te onderhou en te vergoed. Aan die ander kant sou die keiser egter onderneem om hulle tydens hul afwesigheid verder op die lyste van sy leër te hou en hulle besoldiging aan diegene, wat getrou gedien het, by hulle terugkoms na Europa te laat uitbetaal — op dieselfde manier soos dit in die geval van die kompanjie van Bolts gedoen is. Van Reenen en sy vennote sou hulle na gelang van omstandighede in groepe van dertig tot vyftig vervoer. Hulle wou verder geen offisiere onder hierdie manne hê nie en het volmag gevra om die onder-offisiere self te mag benoem. Die soldate sou ses jaar diens doen en die keiser sou verliese deur drostery, dood of ongeval gedurende hierdie tyd vervang. Na ses jaar sou die soldate kon kies tussen vestiging in die nuwe kolonie en terugkeer na Europa. Diegene wat hulself sou vestig, sou altyd as deel van die 250 getel word. Die tweede nuwe eis het niks minder gevra nie as 'n monopolie van handel onder die onderdane van die keiser langs die Ooskus van Afrika vir 25 jaar met die voorbehoud dat Van Reenen 'n verstandhouding met Bolts en sy vennote kon bereik.

Dit is nie verrassend dat Bolts in sy rapport aan Cobenzl voorspraak vir Van Reenen se planne gedoen het nie. Vol verwagting het hy Van Reenen se kolonie al tot by die nedersetting van sy eie kompanjie in Delagoabaai sien uitbrei en tot die beveiliging daarvan teenoor die Portugese sien bydra: “peu à peu ils s'étendroient jusques à ce dernier Port; quand il ne seroit plus dans le pouvoir des Portugais de nous deloger.” Dit is duidelik dat Bolts op hierdie tydstip nog nie van die verlies van Delagoabaai geweet het nie. Gevolglik het die feit dat Van Reenen in besit van 'n plaas in die wyk van die Sneeuberge (“dans le voisinage d'un endroit appelé Schneu-berg”) was, hom laat hoop dat sonder probleme baie benodighede goedkoop op die landpad voorsien kon word. Hy het ook geen moeilikhede tussen sy kompanjie (Société Asiatique de Trieste) van Van Reenen se planne, en laasgenoemde se benoeming tot direkteur van die nedersettings van hierdie deel van die Afrikaanse kus voorsien nie. Terwyl Bolts dus oor die algemeen ten gunste van Van Reenen se planne was, het hy hom tog probeer oortuig dat hy nie van die keiser die verhuring van 'n skip moes vra nie. In verband met Van Reenen se aansoek om toleransie teenoor die Lutherse godsdiens wou hy egter verder gaan en ook vir die vryheid van nie-Christelike vorme van aanbidding pleit. Hy was veral bly omdat Van Reenen as gebore Afrikaner (“né Afriquain”) met 55 jaar ondervinding dieselfde oortuigings as hy in verband met die moontlikhede van hierdie kus gekoester het.

Die beslissing oor Van Reenen se voorstelle het gekom toe die staatskanselier, prins Kaunitz-Rietberg, die saak op 26 September 1782 aan

keiser Joseph II voorgelê het.¹⁵ Kaunitz het kortliks die omstandighede van die applikant onlyn en daarop gewys dat hy met sowat vyftig jong Duitsers 'n kolonie onder keiserlike beskerming in Suidoos-Afrika wou stig en handel met Indië en Triest wou dryf. Vervolgens het hy vier punte uit Van Reenen se gemodifiseerde Franse versoekskrif aangehaal: Van Reenen wou die nodige beskerming vir sy skepe gratis verkry; hy het gevra dat 250 uitgesoekte soldate tot sy beskikking gestel moes word, wat hy in groepe van dertig sou vervoer en wat na ses jaar kon kies om in die nuwe kolonie te bly woon, of om terug vervoer te word; verder het Van Reenen en sy vennote geëis dat alle gebiede wat hulle met toestemming van die inboorlinge sou verwerf as hul eiendom erken moes word en dat hulle na ooreenkoms met Bolts se kompanjie die monopolie vir die Oostenrykse handel aan die Oos-Afrikaanse kus sou geniet. Kaunitz was egter van mening dat hierdie voorstelle bedenklik en van geen noemenswaardige voordeel vir die staat sou wees nie. Hy het verwag dat so 'n nedersetting moeilikhede met die Nederlanders en die Portugese sou veroorsaak. Veral met die Nederlande sou die feit dat Van Reenen as lid van die Kaapse afvaardiging opgetree het en deur sy kennis van die situasie aan die Kaap vir hulle gevaarlik kon word, moeilikhede kon oplewer. Verder het Van Reenen slegs veronderstel dat groot skepe die mond van die rivier kon bereik en dat dit deur kleiner bote bevaar kon word. Sonder hierdie voordeel sou 'n nedersetting in die binneland van weinig belang wees. Maar ook die handel met Oos-Afrika het nie juis aantreklik geblyk nie en kon hoogstens vir die handel met Indië van nut wees. Ook hierdie voordeel het Kaunitz op die oomblik nie van veel waarde geag nie. Bolts se kompanjie kon in geen geval dergelike ondernemings ondersteun nie, aangesien sy oktrooi binne drie jaar sou verval. As gevolg van hierdie oorwegings het Kaunitz hom teen Van Reenen se voorstelle uitgespreek. Aangesien Van Reenen egter ryk en bekwaam was, het Kaunitz aan die hand gedoen om hom dalk tot 'n nedersetting in een van die erflande van die keiser aan te moedig. Die woord "placet" in die kantlyn van Kaunitz se uiteensetting dui die toestemming van die keiser aan.

Die saak het egter nie hier geëindig nie. In 'n brief van 21 Augustus 1786 het die afgevaardigdes van die tweede Kaapse deputasie in Amsterdam berig dat hulle heel gewoon deur hul prokureur Van Son genooi is om hom te kom sien. Tot hulle verrassing het hy hulle toe voorgestel aan aartshertog Ferdinand van Oostenryk, 'n broer van keiser Joseph II, en sy eggenoot. Aangesien die afgevaardigde, J. A. Bresler, die Franse taal magtig was, het 'n lewendige gesprek gevolg. Die aartshertog het groot belangstelling in die burgerlike aangeleenthede aan die Kaap getoon en het hom ruim 'n kwartier daarvan laat vertel.¹⁶ Die verrassendste van hierdie brief is die onbevangenheid waarmee die afgevaardigdes oor die onderhoud berig het. Dit is inderdaad uiters ongewoon dat 'n man

15. Haus-, Hof- und Staatsarchiv, Wien, Staatenabteilungen, Ostindische Kompagnie, Triest und Antwerpen, Fasc. 2.

16. Beyers, *op. cit.*, pp. 98-99.

met die status van aartshertog tydens 'n besoek in 'n vreemde land die ontevrede onderdane van daardie land ontmoet. Dit is waarskynlik dat die motief van die aartshertog nie net nuuskierigheid of menslike belangstelling was nie. Die onopvallende manier waarop die byeenkoms deur Von Son gereël is en die feit dat die aartshertog sy vrou saamgebring het, toon duidelik sy begeerte om die onderhoud informeel te hou, maar watter bedoeling het agter hierdie gebeurtenis geskuil? Dit is waarskynlik dat Ferdinand van Jacobus van Reenen se onderhandelings in Wenen geweet het, maar die Oostenrykse kompanjie het in 1786 nie meer bestaan nie. Wel was daar nog vae planne om die handel met Indië te laat herleef, maar die grondslag vir Oostenrykse samewerking met die Kaapse Patriotte, of 'n kolonie aan die Tugela was swakker as ooit te vore. Dit is ook opvallend dat die berigte van die Oostenrykse ambassadeur, baron von Reischach, oor die reis van die aartshertog geen melding van hierdie onderhoud maak nie.¹⁷ Sekerlik moet ook gevra word of die onderhoud nie dalk 'n vriendskaplike diens teenoor 'n ander mag was nie. Ferdinand se suster was immers Marie Antoinette en Frankryk het inderdaad belange in die Indiese Oseaan gehad. Die hele gebeurtenis bly vireers geheimsinnig, maar dit is moeilik om aan die naiwiteit in die berig van die afgevaardigdes te glo.

III

Inderdaad moet die vraag nou gestel word of hierdie planne uitsluitlik op private inisiatief van Jacobus van Reenen berus het en of hy nie dalk ondersteuning uit sommige kringe van die Kaapse Patriotte ontvang, of met hulle medewete in Wenen onderhandel het nie. Dit is vanselfsprekend dat die onderhandelinge met die Oostenrykse regering so geheim soos moontlik gehou moes word en selfs die geringste suspisie in Nederland sou ongetwyfeld finaal die mislukking van die afvaardiging beteken het. Nogtans kan hier nie sonder meer sprake van dislojaliteit wees nie, aangesien Van Reenen se aanbod in Wenen met die oog op die Kaap uiteindelik tog net op 'n grootse emigrasieplan neergekom het — 'n plan wat 'n halfeeu later tydens die Groot Trek immers verwesenlik is. Verder blyk dit dat Van Reenen glad nie aan 'n radikale breuk met Nederland gedink het nie. So stel hy in sy "Pro Memoria" selfs voor om op pad na die Natalse kus die Kaap aan te doen, handel te dryf en perde, osse, waens en dies meer wat vir die nedersetting nodig sou wees, daar te koop. Dit is ook heel duidelik dat hy daarvan oortuig was wat hy oor sy besittings aan die Kaap en in Nederland vryelik sou kon beskik. Hy het selfs gehoop dat die keiser sy oudste seun as agent aan die Kaap sou benoem. In dié verband behoort ons egter ook te onthou dat Van Reenen in sy memorie beklemtoon dat sowel hy as sy eggenote van Duitse voorouers afkomstig was en verder dat hulle tot die Lutherse kerk behoort. Dit was wel aspekte wat hom van die meeste ander Kaapse Patriotte moes onderskei en dit het

17. Volgens informasie van die Haus- Hof- und Staatsarchiv, Wenen.

sekerlik meegebring dat Van Reenen homself nie as Nederlandse patriot geag het nie. Nogtans beteken dit beslis nie dat hy werklik 'n Kaapse Patriot was nie. Die feit dat hy tot leier van die eerste afvaardiging gekies is, dui wel op die teendeel. Dit moet hier ook onthou word dat die Afrikanervolk uit 'n samestelling van verskillende Europese volke in Suid-Afrika ontstaan het en dat juis die oorspronklike heterogeniteit 'n belangrike faktor in die geleidelike geestelike afskeiding van Nederland gevorm het.

Ofskoon Van Reenen die eerste setlaars vir die nuwe kolonie uit Duitsland wou saambring, is dit heel waarskynlik dat hierdie nedersetting ook vir ander Kaapse Patriotte 'n uitwykmoontlikheid sou gebied het. Woorde soos "so glaubte der mehrgemeldte Jacob van Reenen das Glück seiner Familie, und vieler seiner Nebenmenschen nicht besser befördern zu können, . . ." (Pro Memoria paragraaf 8) laat ruimte vir spekulasie. Ook die belofte om die vrywilligers na afloop van hul kontrak, indien verkies "wiederum nach Europa oder dem Hafen, wo sie ausgesegelt seynd" (Pro Memoria para. 14) te vervoer, dui dalk in hierdie rigting. Dit mag egter ook net 'n lomp formulering wees. Oteenseglike bewys vir die medewete van ander Kaapse Patriotte kon tot dusver nog nie opgespoor word nie. Maar daar is aanduidings in dié rigting. So lees ons bv. in 'n proposisie van 28 Augustus 1784 wat deur 76 Patriotte onderteken is van klagtes "die geklonken hebben in de ooren der meeste Volkeren van Europa".¹⁸ Was dit suiwer retoriek, of is daar inderdaad feite agter hierdie bewering? Indien laasgenoemde die geval sou wees, behoort daar op die meervoud gelet te word. Van Reenen was op pad na Swede om sy plan aan die regering in Stockholm voor te stel toe hy in Kopenhagen die Oostenrykse konsul, Bozenhart, ontmoet het. Ook Denemarke het belange in die Oos-Indiese handel gehad en volgens die berig van graaf Kageneck aan prins Kaunitz was dit nie net hy wat in Kopenhagen belang in Van Reenen gestel het nie. Inderdaad is dit moontlik dat in verskillende Europese argiewe nog heelwat verrassings in verband met die geskiedenis van die Kaapse Patriotte wag. Indien ons vir 'n oomblik met die spekulasie sou voortgaan, sou ons ook die vraag moet stel of daar nie dalk sekere spanninge binne die beweging van die Kaapse Patriotte uit die wete van Van Reenen se planne voortgespruit het nie. Wat dit slegs ongebalanseerde, emosionele uitlatings wanneer oud-landdros Bergh tydens die tweede deputasie "gevoelens laten blijken, eerder voegende aan eenen openbaren vijand der Repubieke, dan aan een Welmeenenden en Vaderland lievenden Colonist"?¹⁹ Was dit verder net retoriek indien die afgevaardigdes van die tweede deputasie in hul rekwas van 4 April 1786 versoek om tog nie die burgers tot wanhoop te dryf en vir buitelandse magte die geleentheid te gee om uit die omstandighede voordeel te behaal nie.²⁰ Indien ons aan hierdie woorde 'n dieper betekenis sou toeken, moet ons ook aanvaar dat die brief van

18. Beyers, *op. cit.*, p. 84.

19. *Ibid.*, p. 92.

20. *Ibid.*, p. 106.

die afgevaardigdes, waarin van die onderhoud met aartshertog Ferdinand berig word²¹, net die helfte van die waarheid openbaar — iets wat inderdaad heel waarskynlik lyk.

Die Weense dokumente in verband met Van Reenen se aansoek verskaf nie net onverwagte insigte in verband met die Patriotte-beweging nie, maar kan dalk ook 'n interessante bydrae tot die voorgeskiedenis van die Groot Trek lewer. Die reaksie wat Van Reenen teenoor die Nederlandse Kompanjie oorweeg het, naamlik georganiseerde emigrasie na 'n gebied ver buitekant die grense van die Kaapkolonie, was immers in 'n mate soortgelyk aan die antwoord wat die Voortrekkers 'n halfeeu later aan die Engelse administrasie gegee het. Hierdie ooreenstemming mag bloot toevallig, of in die wese van die Kaapse toestand gewees het, en dieselfde mag miskien ook vir die gemeenskaplike doel, Natal, gesê word. Nogtans is dit nie ondenkbaar dat Van Reenen se verhaal van die paradys aan die Tugela 'n sekere invloed uitgeoefen het nie. In hierdie rigting sal beslis nog verdere ondersoek nodig wees.

BYLAES²²

I. Berig van graaf Kageneck aan prins Kaunitz-Rietberg uit Kopenhagen, 6 Augustus 1782 (Haus-, Hof- und Staatsarchiv, Wien, Staatenabteilungen, Dänemark, Korrespondenz, Kart. 65):

Durchlauchtig-Hochgebohrner Reichsfürst!

Gnädiger Herr!

A . . .

B²³ Ein gewisser Jacob van Rée²⁴, ein Holländer von geburt, 55.jahr alt, so auf dem Cap der guten Hofnung Burger, Rath und Vice Presidant war, wurde vor 3.jahren als Deputirter der gegen die ostindische gesellschaft in Holland misvergnügten Burgerschaft von dem Cap nach Holland zu Abstellung ihrer beschwerden abgeschickt, allwo, seinem sagen nach, ihm sowohl als der ganzen Burgerschaft das gröste Unrecht angethan worden, welches diessen Mann dahin bewogen hat, dass er sich entschlossen, seinem Vaterlande auf ewig abzusagen, und einen fremden Mornarchen um Schutz und Schirm anzuflehen; eine in Schweden vermählte Schwester gab ihm Anlass, denselben bey dem König von Schweden anzusuchen, zu welchem Ende er durch hiessige Stadt gerelasset ist, allwo er mit dem Kaiserl. Königl. Consul Hn Bozenhart bekannt wurde, welcher ihn nach eröffneter Absicht zu mir führte, und ich nach gepflogenen einigen Unterhaltungen folgendes von ihm erfuhr: diesser von Réenen scheint ein bejahrter, bescheidener, wackerer, in den Handlungsgeschäften sehr erfahrner Mann zu seyn, der in Affrika ein ansehnliches Vermögen sich errungen, wie er mir dan welche offene Credits-briefe auf das holländische Deconingische Hauss von 200 000.-gewiesen, und dennoch eine ansehnliche Summe geldes mehr besitzen soll. Er hat durch seinen und seiner 3.Söhne fleis zwey ansiedelungen auf einige 90.Meilen weit von dem Cap angelegt, von welchen er sich frey und ausser der holländischen Oberherrlichkeit zu seyn sagt. Nach vielen Erleuterungen befragte er mich, ob er sich in Wien bey unserm Allergnäd. Kaisser stellen, und dessen Schutz persönlich anflehen dürfte, da er gesonnen sey, sich, und seine Kinder zu Kaiserl. Königl. Unterthanen, und seine übrigen Tage unter K. K. Bothmässigkeit zu geben, wo er zu gleicher Zeit einen höchst wichtigen und für die folgen sehr kostbaren Plan dem hohen Ministerio zustellen wolle, mich zugleich um meine geringe Unterstützung angehend, welche ich ihm auch um so eher versprochen, als nach meiner wenigen Einsicht die Erwerbung eines so reichen Bürgers und eines sehr ehrlichen und erfahrenen Mannes dem allerhöchsten Hofe erspriesslich seyn könne; ich sprach ihm Muth zu, und er fasste alsogleich den Entschluss, nächsten Donnerstag seine Reise nach Wien anzutreten, wohin ich ihn mit Empfehlungs-

21. Ibid., p. 98.

22. In verband met hierdie afskrifte is ek dank verskuldig aan dr. U. Bredehorn, dr. H. Gödeke en dr. H. E. Korn, Marburg, vir hulle advies en aan dr. Gödeke vir die proeflesing van die teks.

23. Hierdie deel van die berig is in geheimskrif en bestaan net uit getalle. Ons gee hier die ontsyferde teks soos dit by die ontvangs tussen die lyne geskryf is.

24. Die laaste "e" met 'n lang streep in die plek van enkele letters wat die skrywer skynbaar uitgevee het. Later in die teks verskyn egter die volledige naam "von Réenen".

Schreiben zu versehen, gedenke, und er persönlich Euer Fürstl, gnaden Auskunft über seinen vielleicht nicht gleichgültigen Plan wird geben können, und selben daher zu hohen gnaden zu empfehlen, die Ehre habe; Ich hab bey diesser gelegenheit mit Vorsicht zu werke gehen müssen, weil man sich allhier bereits einige Mühe gegeben, von diesserm so reichen, und mit guten Kundschaften versehenen Manne Nuzen zu schöpfen, und kann mich bey diesser gelegenheit nicht genug des betragens und des diensteyfers des. H. Consuls Bozenhart beloben.

C . . .
D . . .
E . . .

Kopenhagen den 6ten August 1782.

Unterthänig gehorsamster
Kageneck p²⁵

II. Brief van graaf Kageneck aan prins Kaunitz-Bietberg uit Kopenhagen, 7 Augustus 1782 (Haus-, Hof- und Staatsarchiv, Wien, Staatenabteilungen, Ostindische Compagnie, Triest und Antwerpen, Fasz.2):

Gnädiger Herr!

Euer Fürstlichen Gnaden erlauben gnädig, dass ich mir die Freyheit nehme, mittels Uebereihung dieses gehorsamsten Scheiben den Jakob van Reenen von dem Vorgebirge der guten Hoffnung unterthänigst vorzustellen, von dem ich in meinem gehorsamsten Bericht Meldung zu thun die Ehre hatte. Er wird Euer Fürstlichen Gnaden seinen Entwurf, und seine Aussichten wegen einem unter Schutz Unseres Allergnädigsten Monarchen auf den Afrikanischen Küsten anzulegenden neuen Pflanzort mündlich zu zergliedern ohnermangeln, und um Hochdero Unterstützung bitten. Für mich wird es ein Glück seyn, wenn ich zu dessen, und dem allgemeinen Wohl nach meinen schwachen Kräften etwas beyzutragen im Stande bin, der ich mich zu hoher Hulde empfehlend in tiefer Ehrforcht erharre.

Euer Fürstlichen Gnaden.

Kopenhagen den
7ten August 1782.

III. Berig van graaf Kageneck aan prins Kaunitz-Bietberg uit Kopenhagen, 13. Augustus 1782 (Haus-, Hof- und Staatsarchiv, Wien, Staatenabteilungen, Dänemark, Korrespondenz, Kart.65):

Durchlauchtig-Hochgebohrner Reichs-Fürst!

Gnädiger Herr!

A²⁶ Der in meinem vorigen gehorsamsten berichte gemeldte Jacob van Rée hat vorigen Donnerstag seine Reise nach Wien unternommen; ich hab mich unterdessen bey den Holländischen häussern wegen diesses Mannes erkundigt, und allgemeines lob über dessen Caractere sowohl, als dessen geschicklichkeit in dem Handlungsfache eingezogen; nebst diesserm sein Vermögen, wenigst in einer Million gulden bestehend; überhaupt schmeichle ich mir, dass dem Allerhöchsten hofe mit diesserm vernünftigen und sehr reichen Manne sehr werde gedient seyn, sowohl mit ihm als seinen, dem Sagen nach, rechtschaffenen 8.Söhnen, die alle vernünftige, wohl erzogene, junge leute seyn sollen; hn: Consul Bozenhart, welcher mir denselben zugeführt hat, verdient wegen dem deshalb bezeigten Dienst-Eifer alles mögliches lob.

B . . .
C . . .
D . . .

Kopenhagen den 13ten August 1782

IV. Petisie van Jakobus van Reenen aan keiser Joseph II, Weenen, 17 September 1782 (Haus-, Hof- und Staatsarchiv, Wien, Staatenabteilungen, Ostindische Compagnie, Triest und Antwerpen, Fasz.2):

Eure Majestät

Unterzeichneter hat einen Strich Landes zwischen dem 29ten und 26ten Graden Südter Breite in Africa entdecket, dessen Einwohnern noch Heiden sind, der von besonderer Wichtigkeit werden könnte zur Ausbreitung des Commerci zwischen denen k.k. Erblanden, und Ost Indien, auch noch von keiner Europaischen Macht occupiret ist.

Unterzeichnetem ist bekannt, dass die sogenannte Baya de la Goa, welche auf 26.Graden Südter Breite gelegen ist, gegenwärtig von denen mehrsten Europaischen Nationen ohne Unterschied, besucht, und mit denen Wilden all da Handel getrieben werde; auch hat man den Unterzeichneten versichern wollen, dass Eure Majestät, in der Nähe von dieser Baya bereits ein Etablissement in Besitz hätten; und der Unterzeichnete gedenckt unter Euer Majestät Protection eine förmliche k.k. Colonie in dem obengemeldten neuen Landstrich zu errichten; wozu derselbe sich um somehr im Stande zu seyn blaubet, da er nebst einigen seiner Söhnen Gelegenheit gehabt, mit denen alldorten wohnenden wilden Nationen viele Jahren lang umzugehen, und deren Neigung, Zutrauen, und Liebe zu gewinnen.

25. p(ropria).

26. Hierdie deel van die berig is in geheimskrif en bestaan net uit gefalle. Ons gee hier die ontsyferde teks soos dit by die ontvangs tussen die lyne geskryf is.

Er überreichet daher einer seits in der Anlag seine Gedanken, auf was für eine Weiss, und Art, und mit was für Modalitaeten er dieses Werk zustand zu bringen gesinnet wäre, um sowohl des allerhöchsten Souverain und Protecteur Vortheil und Nutzen, als der neuen Colonisten Bestes, und gänzliche Zufriedenheit befördern zu können; und anderer Seits den Auszug von der Seekarten, aus welcher die Lage des eigentlichen zu entnehmen kommt; auch drittens eine Specification der in diesem Landstrich für die menschliche Nahrung sich befindenden Thieren zu Land, und Wasser.²⁷

Derselbe würde auch seinen Fleiss und Industrie dahin anwenden, dass ein ordentlicher Bergbau eingeführt werden möge, weil er das Land ebenfalls Mineralienreich zu seyn befunden, und davon bereits Proben gemacht, wovon dem Souverain oder Protecteur wiederum ergiebiger Vortheil zuwachsen würde, besonders falls Eure Majestät gut finden möchten, um ausser dem gerechten Zehenden von der jedesmahligen Ausbeute, gleichwie von allen anderen aus dem Lande gehenden Producten, noch ins besondere einige Kuxen mit zu übernehmen.

Nur beruhet es an dem dass derselbe lmo mit einem grossen Schiff versehen werde, gegen denen in seinem Plan entworfenen Bedingungen.

2do dass ihm erlaubt seye, in denen k.k. Staaten und Römischen Reich fürs erste 25, bis 50, Mann junge Freywillige Leuthe von deutscher Sprach, anzunehmen, und als Colonisten zu employeren, wie es wiederum sein Plan enthält.

